IN DIE HOGGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELlNG)

DATUM: 20/5/2005

SAAK NR: 25944/2003

ONRAPORTEERBAAR

In die saak tussen:

COETZEE MM — ElSER

en

COETZEE DC — VERWEERDER

---

# UITSPRAAK

BOTHA. R:

In hierdie egskeidingsaksie het die partye ooreengekom dat net die kwessies van toesig en beheer oor die kinders en gedingskoste in geskil is.

Dit was gemene saak dat die huwelik onherstelbaar verbrokkel het.

Die partye is buite gemeenskap van goed onderhewig aan die aanwasbedeling getroud. Dit is gemene saak dat die verweerder se boedel In groter aanwas opgelewer het en dat 'n likwidateur aangestel moet word om die aanwas te bereken.

Albei partye maak aanspraak op die toesig en beheer oor die drie minderjarige seuns van die partye. Daar is ooreengekom op die onderhoud wat betaalbaar sal wees indien toesig en beheer aan die eiseres toegeken word en wat die bydrae sal wees wat die eiseres tot die onderhoud van die kinders moet maak as toesig en beheer aan die Verweerder toegeken word.

By die aanvang van die verhoor het die eiseres afstand gedoen van haar eis om onderhoud vir haarself.

Die partye is op 5 Januarie 1991 getroud.

Die oudste seun, H, is op 24 Augustus 1993 gebore. Hy is in sy twaalfde jaar en in graad 5.

Toe die partye getroud is, was die verweerder In personeel beampte en die eiseres 'n grondwaardin in die Suid-Afrkaanse Lugmag.

In 1995 het hulle verhuis na Kleinzee in die Noord-Kaap. Na die verhuising het die eiseres die verweerder vir sowat agt maande met die twee jaar oue Hverlaat. Die partye het versoen geraak en die eiseres het na Kleinzee teruggekeer. Daarna is die jongste twee seuns gebore, C op 11 September 1996 en

Franco op 29 Julie 1999. C is nou in sy negende jaar en F in sy sesde jaar. C is in graad 2 en F in 'n kleuter skool.

In 1999 het die verweerder 'n pos as personeel beampte by 'n myn naby Delmas aanvaar in die gesin het soheentoe getrek. Die verweerder het 'n ruim huis gekoop waarin hy nou nog met die drie seuns woon. Die oudste twee seuns is in die Laerskool Delmas.

Die eiseres moes haar werk opsê toe die gesin Kleinzee toe getrek het,maar sy het haar. mettertyd as 'n nael tegnikus bekwaam en 'n praktyk by die huis begin opbou.

In Januarie 2003 het die verweerder die eiseres meegedeel dat hy wou skei. Op die stadium het hy 'n verhouding met 'n vriendin van die eiseres gehad. 'n Paar maande later het die eiseres van die bestaan van die verhouding bewus geword. Van toe af was daar wat haar betref geen sprake meer van 'n huwelikslewe nie. Die partye het in aparte kamers in 'n staat van konflik in die gemeenskaplike woning saam bly woon.

In Oktober 2003 het die verweerder se moeder in die gemeenskaplike woning kom woon. Daar is 'n dispuut oor hoe dit gekom het dat sy in die huis kom bly het. Sy het daar gebly tot Junie 2004.

In April 2004 het die eiseres die gemeenskaplike woning verlaat en met die kinders in 'n woonstel gaan bly in Centurion.

Sy is op daardie stadium finansieel bygestaan deur mnr Paul Kotze met wie sy intussen 'n verhouding aangeknoop het. Die kinders het intussen nog steeds in Delmas skool bygewoon.

In Desember 2003 het die hof 'n Reël 43 bevel verleen ingevolge waarvan die tussentydse beheer en toesig oor die kinders aan die verweerder toegeken is. Ten spyte van twee Reël 43 (6) aansoeke het daardie posisie tot hede bly geld. Na die mislukte Reël 43 (6) aansoek in April 2004 het die eiseres by haar vriend, mnr Kotze, ingetrek.

Intussen het die eiseres elke naweek die kinders tot haar beskikking gehad.

Die eiseres het nadat sy die huis verlaat het, werk by 'n salon in die Menlyn sentrum gekry. Vanaf 1 Maart 2005 woon sy in 'n meenthuis in Moreletta park. Sy het ook bedank by die salon in Menlyn en praktiseer vanaf haar huis. Sy verdien na bewering tussen R5 000,00 en R7 000,00 per maand. Sy betaal R3 800,00 per maand vir haar woonstel. Sy word nog steeds by gestaan deur mnr Kotze, met wie sy nog steeds 'n hegte verhouding het.

Die verweerder is op 11 Februarie 2005 afgelê by die myn waar hy gewerk het. Hy het die geleentheid benut om sy eie personeel besigheid op die been te bring. Hy bestuur dit van sy huis in Delmas en verdien tans tussen R17 000,00 en R20 000,00 per maand.

Die omstandighede van die eiseres, die verweerder en die kinders was die onderwerp van verskeie ondersoeke.

Me Lizelle de Villiers en me Wilna Stander, twee maatskaplike werkers, is in 2003 deur die partye genader om hulle omstandighede te ondersoek en hulle het op 10 Desember 2003 'n verslag voortgebring waarin hulle aanbeveel dat die beheer en toesig oor die kinders aan die verweerder toevertrou word. Hulle verdere verslae het nie die eiseres betrek nie en is opgestel in opdrag van die verweerder. Die verslae, gedateer 29 Maart 2004 en 6 Mei 2005, bevat albei aanbevelings dat die status_ quo gehandhaaf word.

Me M Leistner, 'n kliniese sielkundige, wat die omstandighede van die verweerder en die seuns in opdrag van die verweerder ondersoek het, het in verslae gedateer 12 November 2004, 2 Maart 2005 en 9 Mei 2005 tot die gevolgtrekking gekom dat die kinders by die verweerder moet bly.

Me De Villiers, Stander en Leistner het almal namens die verweerder getuig.

Die omstandighede van die kinders is deur Me A Scheepers, 'n kliniese sielkindige, in opdrag van die eiseres ondersoek. Sy het twee verslae, gedateer 24 Februarie 2004 en 3 Mei 2005, voortgebring maar sy is nie as 'n getuie geroep nie.

Die gesinsadvokaat het die omstandighede van beide partye en die kinders ondersoek en twee verslae, gedateer 23 April 2004 en

10 Mei 2005, voortgebring. Namens die gesinsadvokaat is die partye en die kinders ondersoek deur 'n kliniese sielkundige, mnr Swanepoel, en 'n maatskaplike werker, me Beeslaar. Hulle was van oordeel dat die toesig en beheer van die kinders aan die eiseres toegeken moet word. Hulle het albei namens die eiseres getuig.

Die partye het ook self getuig.

Dit is nie doenlik of nodig om al die getuienis op te som nie. Wat betref die deskundiges, is hulle bevindinge goed in hulle verslae gedokumenteer. Wat betref die partye self is dit so dat hulle getuienis op verskillende aspekte en oor verskillende insidente weersprekend is. Dit is oor die algemeen nie moontlik om daardie feite geskille te besleg nie. Waar die saak in wese gaan om die toesig en beheer oor die kinders, waar geen party 'n bewyslas dra nie, is daar in elk geval nie 'n party wat in die stof sal byt as daardie geskille nie opgelos kan word nie.

Die feite geskille gaan vir verskillende aangeleenthede so os 'n insident in 1995 toe die verweerde Hwou terugneem, beweerde aanrandings oor en weer, 'n insident toe een van die seuns amper verdrink het, 'n insident toe F in die bad aan die slaap geraak het, 'n insident toe mnr Kotze se broer, Andre, die verweerder na bewering aangerand het, hoe dit gekom het dat die verweerder se moeder in die huis kom woon het, of die eiseres verhoudings met ander mans gehad het, of die verweerder die kinders by geleentheid ontvoer het, of die eiseres die kinders oor naweke neem en by haar broer aflewer ens. Sommige van hierdie

bewerings, soos die van die seun wat amper verdrink het en F wat in die bad aan die slaap geraak het, is nie aan die eiseres gestel nie. Ek volstaan daarby dat dit nie moontlik is om hierdie dispute op te los nie.

Die eiseres het deurgaans erken dat die verweerder 'n goeie pa vir die kinders is. Sy het ontken dat sy die verweerder se moeder in die huis genooi het toe daar huweliksprobleme ontstaan het. Haar persepsie was dat die verweerder sy moeder laat kom het sodat sy haar versorgingsfunksies kon oorneem.

Dit is gemene saak dat die toestand in die huis so onhoudbaar geword het dat die Kinderhof gedreig het om die kinders in neutrale sorg te plaas. Volgens die eiseres het sy toe getrek kragtens 'n reëling dat die verweerder die kinders naweke by hom kon hê. Die hof het die kinders egter aan die verweerder toegeken.

Die eiseres het ontken dat sy onmiddelik trouplanne het. Mnr Kotze is egter die man in haar lewe. In die Reël 43 (6) aansoek het sy wel gesê dat sy met hom gaan trou. Dit was in November 2004.

Volgens haar het die kinders haar nodig. As hulle siek is kom hulle na haar. Sy kyk na dinge soos wanneer hulle hare gesny moet word, of hulle naels geknip moet word en dat hulle reg eet. Op 'n stadium, toe sy gevra is hoekom sy die kinders moet kry, het sy gesê: "ek is dan hulle ma, wat meer moet ek se?"

Die verweerder het te kenne gegee dat hy sy vertroue in die eiseres al in Kleinzee verloor het. Hy het hom voorgeneem om net by die eiseres te bly tot die kinders groot is. Die verhouding wat hy met die eiseres se vriendin gehad het, het hy as 'n fout bestempel. Die vriendin het in elk geval op die ou end haar huwelik hervat.

Hy het sy roetine in detail beskryf en verduidelik hoe hy in die middae vir die kinders beskikbaar is.

Volgens hom het hy altyd in die primêre behoeftes van die kinders voorsien, soos om hulle ontbyt te gee, reg te kry vir die skool, en om hulle te bad.

Na sy mening kan die eiseres nie aan die emosionele behoeftes van die kinders voldoen nie. Sy stel haar sosiale lewe bo hulle behoeftes. 'n Voorbeeld hiervan is haar gewoonte om hulle naweke by haar broer af te laai, iets wat laasgenoemde stopgesit het.

Hy was ontevrede oor 'n toets waarin H28 gekry het omdat die eiseres hom nie oor die naweek laat leer het nie.

Hy het uitgewei oor die buitemuurse aktiwiteite van die kinders. Hy hou huisgodsdiens met hulle en het hulle by die CSV ingeskryf om op te maak vir die gebrek aan godsdiensoefening oor die naweke.

Hy het ontken dat hy nie die nodige empatie het en het verduidelik dat die seuns opehartig met hom gesels.

Volgens hom het hy die Eiseres toegelaat om die huis met die kinders te verlaat omdat sy gesê het dat hulle eerder in pleegsorg geplaas kan word as by hom.

Hy het uitgewei oor sy ondersteuningstelsels, mnr Smit van die na-skool, pastoor Vorster en die ouers van die kinders se maats.

Hy het toegegee dat hy by twee geleenthede van sogenaamde ontvoering vir Honder 'n voorwendsel in die hande gekry het.

Hy kon nie onthou dat hy ooit gesê het dat die eiseres 'n goeie moeder is nie.

Hy het erken dat hy by 'n geleentheid 'n video film geneem het van die eiseres en die kinders om te wys hoe hulle in een kamer slaap.

Hy het saamgestem dat dit ook gebeur dat die seuns by hom in die bed inkruip.

Sy verduideliking van die situasie deur die eiseres beskryf waar kos in die huis toegesluit is, was dat dit gedoen is omdat die huishulp kos weggedra het.

Hy het sy moeder het die huis laat uittrek vanweë negatiewe kritiek van die Gesinsadvokaat.

Hy het ontken dat die kinders by is as hy groot bedrae aan lone uitbetaal.

Hy het getuig oor 'n geleentheid toe die kinders die naweek by die eiseres was en hy Hgebel het, net om te hoor dat hulle alleen in Menlyn rondloop. Hy wou dadelik van Delmas kom om in te gryp maar na tien minute het hy weer gebel en gehoor dat hulle by die eiseres was.

Me De Villiers en me Stander het hulle werk onder mekaar verdeel. Me de Villiers het die persoonlikheidsassessering van die partye en die kinders behartig en me Stander die interaksionele analise. Volgens me DeVilliers het die projeksiekaart toetse getoon dat daar 'n afstand tussen die seuns en hulle moeder was. Die eiseres het beïndruk as iemand met 'n sterk persoonlikheid sonder enige simptome van psigose, neurose, gemoedsversteuring of persoonlikheidsprobleme. Die bevinding ten aansien van die verweerder was ook dat hy nie geen psigoses ens. ly nie.

Me Stander het die interaksie tussen die ouers en die kinders in 'n spel situasie waargeneem. Die interaksie was normaal. In die geval van Como het sy opgemerk dat daar baie fisiese kontak tussen hom en sy moeder was. Sy het dit as ontoepaslik beskou. Verder het Como die speelklei in 'n slang gerol en gemaak of hy daarmee urineer, iets waaroor sy moeder hom betig het.

Die gevolgtrekking van die eerste verslag, gedateer 10 Desember 2003, is dat die omstandighede van die eiseres nie stabiel is nie en dat dit lyk of haar toekomsbeplanning vaag is. Daar word gewag gemaak van die emosionele afstand tussen die kinders en

die moeder. Wat die verweerder betref word daar gemeld dat sy psigososiale omstandighede stabiel is en dat hy die kinders se emosionele behoeftes vervul. Daar word dus aanbeveel dat die toesig en beheer oor die kinders aan die vader toegeken word.

Hulle tweede verslag gedateer 29 Maart 2004, het ook gefokus op die moeder van die verweerder, mev M E Coetzee, wat toe nog in die gemeenskaplike woning gebly het. Die eiseres is nie betrek by die verslag nie maar dit bevat negatiewe kommentaar oor haar beweerde gedrag. Daar word volstaan met die aanbeveling in die vorige verslag.

Die laaste verslag, gedateer 6 Mei 2005, het ook nie die eiseres betrek nie. Dit bevat in wese 'n opdatering van die omstandighede van die verweerder en die resultate van die opvolging van referente deur hom verskaf. Die volgende kom voor op p4 van die verslag (bewysstuk D189)

> **"Volgens mnr Coetzee, het me Coetzee reeds 3x verhuis in die afgelope 10 maande. Sy het eers in Centurion in 'n meenthuis gewoon, hierna het sy saam met haar vriend, sy ouers, broer en suster in Morelettapark gaan woon. Op 1.3.2005 het sy in 'n meenthuis ingetrek en gemeld dat sy haar daar gaan vestig. Sy het egter in Desember 2004 in hof-dokumentasie gemeld dat sy en haar vriend gaan trou.**
>
> **Die vraag ontstaan by ondergetekende of sy weer sal trek nadat hulle in die huwelik getree het. Die ondergetekende het reeds in die verslag van 10.12.2003**

**haar bekommernis uitgespreek oor me Coetzee se stabiliteit met betrekking tot behuising. Dit blyk 'n bekommernis te wees.**

**Uit die ondersoek wil dit voorkom of mnr Coetzee instaat is om die nodige fisiese stabiliteit aan die kinders te kan bied. Die kinders is gewoond aan hierdie omgewing, hulle skole en maats is in Delmas en hulle is gevestig in hierdie omstandighede".**

Op p9(bewysstuk D194) kern die volgende voer:

**" Mnr Coetzee woon sedert 1999 in Delmas. Die kinders is op Delmas gevestig wat hulle skole en maats betref. Die huis is nog dieselfde. Die huis voorsien aan hulle behoefte om behuising en is bekend. Dit is reeds ses jaar hulle tuiste. Die kinders is ook hier goed aangepas en sou dit 'n eksperiment wees om die kinders te skuif na nuwe onbekende omstandighede. Me Coetzee het ook in 10 maande reeds drie x getrek en mag moontlik weer trek sou sy in die huwelik tree. Haar toekomsbeplanning is steeds vaag.**

**Mnr Coetzee se ondersteuningsisteme is positief gevestig omdat hy en die seuns bekend is in die gemeenskap.**

**Mnr Coetzee se sosio-kulturele aktiwiteite en tydsbesteding akkomodeer die kinders.**

> **Mnr Coetzee is volgens inligting en hierdie ondersoek steeds die party wat in die kinders se fisiese, finansiele en emosionele behoeftes voorsien. Dit wil voorkom asof hy nog altyd (van hierdie seuns se baba dae) die meer betrokke ouer was. Mnr Coetzee word deur referente beskou as 'n geduldige, liefdevolle en betrokke pa wat sy kinders se belange eerste plaas. Ondergetekende en haar kollega (me WJ Stander) is van mening dat mnr Coetzee steeds die meer stabiele ouer is. Dit sou 'n eksperiment wees om die kinders te skuif van uit hulle omgewing waar hulle stabiliteit en geluk ervaar. Dit is in die kinders se beste belang om by mnr Coetzee aan te bly" .**

Die aanbeveling is weereens dat die kinders by die verweerder moet bly.

In die gesinsadvokaat se eerste verslag, gedateer 23 April 2004, word negatiewe kommentaar gelewer oor die kinders se verhouding met hulle paterne grootmoeder. Die eiseres word as die primêre versorger van die kinders beskou en daar word aanbeveel dat die tussentydse beheer en toesig aan die kinders aan haar toevertrou word.

In 'n sogenaamde finale verslag, gedateer 23 Augustus 2004, gerugsteun deur 'n verslag van me Beeslaar, word aanbeveel dat die uiteindelike beheer en toesig aan die eiseres toegeken word. Die verslag steun ook op 'n verslag van mnr Swanepoel, gedateer

9 Julie 2004. Mnr Swanepoel en me Beeslaar het albei partye en die kinders evalueer.

Mnr Swanepoel het bevind dat die verweerder neig tot impulsiewe gedrag en ingeperkte emptatie. Volgens hom was die kinders egter gemaklik in sy teenwoordigheid. Die eiseres het volgens hom geneig tot afhanklikheidsgedrag en rigiditeit maar nie in 'n ernstige graad nie. Sy toon 'n toepaslike bewustheid vir die kinders se ontwikkelingsbehoeftes. Die kinders is gemaklik en spontaan in haar teenwoordigheid. Sy kan hulle leefwêreld betree en vertoon toepaslike empatiese insigte. Al drie kinders beleef die eiseres as hulle primêre versorger.

Me Beeslaar se evaluasie was dat al drie die kinders die eiseres as hulle primêre versorger ervaar, dat dit in hulle belang is om by die eiseres te woon en dat hulle in staat sal wees om die nodige aanpassing te maak.

Daarna volg 'n finale verslag, gedateer 10 Mei 2005, waarin die omstandighede van die partye en die kinders opgedateer is. Daar is verwys na skoolverslae, die jongste verslae van me de Villiers, die jongste verslae van me Leistner en mnr Swanepoel, 'n huisbesoek van die applikante op 5 Mei 2005 in 'n gesprek met mnr P Kotze.

In die verslag van me Beeslaar kom die volgende voor op pp23 tot 25 (bewysstuk C81 - 83):

> **"20.4 Op die oog af blyk dit dat die betrokke kinders tans aangepas en gevestig is in hul huidige**

**omstandighede, maar indien daar dieper geëvalueer word, blyk dit dat dit in werklikheid nie so goed met die betrokke kinders gaan nie.**

**20.5 Hveral toon tans geen emosie nie en het een van die deskundiges Mevrou A Scheepers reeds in Februarie 2004 haar bekommernis rondom Hse persoonlikheids-disosiasie uitgespreek.**

**20.6 Ten spyte van die gereelde toegang tot die Applikante, het hierdie kinders steeds 'n baie sterk. behoefte aan die moeder.**

**20.7 Uit die ondersoek blyk dit dat hierdie kinders alreeds 'n geruime tyd aandui dat hul by die moeder wil woon, ignoreer deskundiges dit en huil hul agter die feit dat die kinders reeds 'n geruime tyd by die Respondent woon en aangepas is.**

**20.8 Dit blyk egter uit die ondersoek dat die Respondent oor eienskappe beskik soos impulsiwiteit en 'n gebrek aan empatiese vermoëns wat sy ouerskapsvaardighede kortwiek.**

**20.9 Dit blyk 'n gegewe te wees dat die Respondent in die kinders se fisiese behoeftes kan voorsien, maar nie emosioneel nie, maar dat die Applikante in albei kan voorsien".**

**en**

**"20.12 Uit die ondersoek blyk dit dat die Applikante stabiliteit bereik het en dat sy dit handhaaf en dat sy steeds instaat is om die betrokke kinders te versorg en in hul belang kan optree.**

**20.13 Dit blyk ook uit die ondersoek dat die verskuiwing na die moeder ontwrigtend vir die kinders sal wees, maar blyk dit dat die ontwrigtingsfaktor egter ligter weeg teenoor die voordele wat versorging deur hul moeder op die medium en langtermyn bied.**

**20.14 Dit blyk uit die ondersoek dat die Respondent betekenisvolle leemtes vertoon in terme van sy funksionering as ouerlike figuur, terwyl die Applikante beter toegerus is om die kinders se versorging te behartig"**

In sy laaste verslag, gedateer 9 Mei 2005, meld mnr Swanepoel dat hy die interpretasie van 'n Rohrschach toets op die verweerder uitgevoer van me Leistner ontvang het. Die interpretasie stem nie met sy vorige bevindings ooreen nie. Hy bly staan by sy bevinding dat die verweerder 'n neiging tot impulsiewe gedrag met beperkte impatiese vermoë vertoon.

Sy gevolgtrekking en aanbevelings is as volg:

**"7. <u>Gevolgtrekkings en aanbevelings</u>:**

- **Op grond van die beskikbare inligting blyk dit dat die konflik eskaleer tussen mnr. en mev. Coetzee. Die kinders word gedurig blootgestel aan hierdie konflikte wat nie hul beste belang is nie.**
- **Ondanks teenstrydige bevindinge deur mev. Leistner, het die evaluering 5005 onderneem deur die ondergetekende aangetoon dat mnr. Coetzee betekenisvolle leemtes vertoon in terms van sy funksionering as ouerlike figuur, terwyl mev. Coetzee klaarblyklik beter toegerus is om die kinders se versorging te behartig .**
- **Dit wil voorkom asof die kinders aan leidende evalueringsmetodes blootgestel is om voorkeur aan hul vader te gee. Rakende ouerlike voorkeur was C meer ambivalent in sy keuse, maar Hen F het steeds spontaan gemeld dat hul in die sorg van hul moeder wil wees .**
- **Die betrokke kinders bevind hulle vir die afgelope ongeveer een jaar in die sorg van hul vader, mnr. Coetzee, en sal dit onvermydelik 'n mate van ontwrigting meebring indien hulle na die sorg van hul moeder, mev. Coetzee, moet oorgaan. Die ontwrigtingsfaktor weeg egter ligter op**

**teenoor die voordele wat versorging deur hul moeder op die medium en langtermyn bied .**

- **Met inagneming van alle beskikbare inligting, volstaan die ondergetekende by die aanvanklike aanbeveling soos gemaak in die verslag gedateer 9 Julie 2004, en dat beheer en toesig aan hul moeder, mev. Coetzee toegeken moet word, met redelike reg van toegang aan die cader, mnr. Coetzee .**
- **Weens die hoe vlakke van konflik tussen die ouers word deskundige ouerleiding steeds ten sterkste aanbeveel".**

Me Leistner het in haar verslag gedateer 12 November 2004 rapporteer van onderhoude met die verweerder en die kinders en kollaterale inligting wat sy opgevolg het.

Sy het kommer uitgespreek oor die beweerde insident waar die kinders in Menlyn alleen rondgeloop het. Verder het sy die eiseres kritiseer omdat sy die kinders huise wys omdat dit verwagtinge wek wat dalk nie sal realiseer nie. Die feit dat F in die eiseresse bed slaap, bestempel sy nie as in sy beste belang nie. Op p9 (bewysstuk 0109) kom die volgende voor:

> **"Dit blyk dat mev. Coetzee nie oor die nodige ondersteuning beskik om behoorlik na die kinders om te sien nie. Dit is kommerwekkend dat die drie jong kinders alleen in 'n winkelsentrum die dag deurbring. Dit blyk ook dat sy op hierdie stadium nie haar eie verblyf het nie en dat, indien die verhouding tussen haar**

**en mnr. Kotze sou skeef loop, sy en die kinders haweloos sal wees".**

Sy beveel dan aan dat die toesig en beheer aan die verweerder toegeken word.

In haar verslag gedateer 2 Maart 2005 rapporteer sy oor 'n verder onderhoud met die kinders. Sy meld dat hulle gelukkig is en 'n positiewe houding jeens albei ouers het. Volgens haar kan die verweerder in die fisiese, finansiële en emosionele behoeftes van die kinders voorsien.

Haar laaste verslag gedateer 4 Mei 2005, maak melding van die feit dat F met sy ma en mnr Kotze op dieselfde bed slaap. Sy spreek die mening uit dat die eiseres die kinders probeer beïnvloed. Volgens haar is die verweerder die persoon wat na die kinders se basiese behoettes omsien. Sy vra die vraag of 'n huwelik tussen die eiseres en mnr Kotze nie 'n verder verhuising te weeg sal bring nie. Sy noem dit dat al die kinders se dat hulle by hulle moeder wil bly, maar geen negatiewe aspekte oor hulle situasie in Delmas kan noem nie. Haar gevolgtrekking is dat die kinders goed funksioneer waar hulle is, dat hulle vader in staat is om in hulle fisiese, finansiële en emosionele behoeftes te voorsien en dat die eiseres, volgens haar inligting, nie in staat is om dieselfde stabiliteit te verskaf nie.

Me Vermaak-Hay, wat namens die eiseres verskyn het, het sterk gesteun op die verslag van die Gesinsadvokaat. Sy het daarop gewys dat die ander deskundiges wat 'n verslag opgestel het wat

albei partye evalueer, se verslag verouder is. Sy het betoog dat die eiseres die primêre versorger van die kinders is en dat die verweerder nie op dieselfde wyse as sy in die kinders se emosionele behoeftes kan voorsien nie.

Wat koste betref het sy gevra dat die verweerder die koste moet betaal omdat hy na die verslag van die Gesinsadvokaat tot ander magte moes gekom het.

Mnr van Tonder, wat namens die verweerder verskyn het, het twyfel uitgespreek oor die stabiliteit van die eiseres se omstandighede en betoog dat sy tel kens voor "n hofsaak poog om kritiek in 'n vorige saak uitgespreek, te ondervang. Hy het betoog dat haar ondersteuningstelsels nie so goed is as die van die verweerder nie.

Wat betref mnr Swanepoel se evaluasie van die verweerder het hy daarop gewys dat hy nie kollaterale bronne opgevolg het nie en dat die Rohrschach toets se interpretasie hom nie steun nie.

Ten aansien van die eerste verslag van me De Villiers en me Stander het sy daarop gewys dat hulle bevindings gemaak is voor die konflik tussen die partye ge-eskaleer het en voor daar sprake van beïnvloeding kon wees.

Hy het verwys na **McCall v McCall 1994 (3) SA 201 K op 205 B – F** en die maatstawe daar uiteengesit. Hy het aanvaar dat daar ten aansien van 'n aantal kriteria nie veel tussen die partye te kies is nie, maar het betoog dat die verweerder in "n beter posisie is om

leiding aan die kinders te gee, dat hy beter na hulle fisiese behoeftes kan voorisen, dat hy beter in hulle opvoedkundige behoeftes kan voorsien en dat hy meer stabiliteit aan hulle kan verleen waar die kinders reeds by hom is.

Wat koste betref, het hy betoog dat elke party sy of haar eie koste moet betaal.

Ek het reeds gesê dat ek nie omvattende feite bevindings kan maak nie. Nogtans wil ek my indrukke van die partye boekstaaf en aandui ten. aansien van watter geskille ek wel .op .die waarskynlikhede 'n bevinding kom maak.

Die eiseres het opgeval is iemand wat positief en spontaan is. Sy kan haar goed uitdruk en soms het die getuienis haar geborrel. Die verweerder was geneig om eiegeregtig te wees. Hy het baie minder goed in die eiseres as moeder gesien as wat die deskundiges gesien het. Dat die verweerder nie 'n objektiewe bron van inligting is nie, blyk uit die feit dat hy me Leistner onder die indruk gebring het dat die huwelik vanweë die eiseres se verhoudings verbrokkel het.

Daar was 'n dispuut oor hoekom die verweerder se moeder by die partye kom woon het. Ek vind dit onwaarskynlik dat die eiseres haar sou ontbied het. Die uitnodiging waarop die verweerder gesteun het, is maande voor die aankoms van mev Coetzee senior gerig. Verder vind ek dit onwaarskynlik dat waar die partye geskei van mekaar geleef het, die toesluit van kos teen die bediende gerig was. Na my mening is die eiseres se indruk dat haar

skoonma ontbied is om haar funksies oor te neem, nader aan die kol.

Dit is so dat daar net twee verslae is wat gebaseer is op evaluasies van ablei partye en die kinders: die eerstre verslag van me De Villiers en me Stander en die verslag van die Gesinsadvokaat. Dit is onvermydelik so dat die verslag van die Gesinsadvokaat die voordeel geniet dat dit meer resent is.

Die afstand wat me De Villiers tussen die kinders en die eiseres gevind is, is nie deur me Stander in haar toetse waargeneem nie. Dit is ook nie waargeneem deur me Beeslaar en mnr Swanepoel me.

In me Stander se eerste verslag is daar 'n negatiewe konnotasie geheg aan die interaksie wat sy tussen die eiseres en C waargeneem het. In haar getuienis het sy egter toegegee dat C se gedrag normaal was vir 'n besige kind wat die grense van gesag toets, en dat die eiseres se berisping van sy gedrag toepaslik was.

Daar was in die verslae baie gemaak van aspekte soos dat F by sy ma in die bed slaap, dat mnr Kotze nie slaapklere dra nie en dat die eiseres die kinders in Menlyn alleen laat rondloop. Dit blyk dat die kinders ook by die verweerder in die bed kruip. Ek vind dit nie so vreemd dat 'n seuntjie van 5 by sy ma wil slaap nie. As dit iets wys, wys dit 'n emosionele behoefte. Die bewering dat mnr Kotze nie slaapklere dra nie, is volgens die eiseres korrek. Hy dra 'n sogenaamde PT brokie, nes die verweerder. Die insinuasie was

natuurlik dat hy kaal slaap, maar dit is duidelik dat mev Leistner se ondervraging van die kinders nie pertinent so 'n resultaat opgelewer het nie.

Die rondlopery van die kinders by Menlyn is die onderwerp van 'n feite dispuut. Mnr Swanepoel het dit opgevolg en botsende hoorsê inligting bekom. Op die ou end meen ek nie dat enige van hierdie aspekte aangegryp kan word om die eiseres te diskrediteer nie.

Mev Leistner het in wese toegegee dat haar verslag me as objektief beskou kan word nie omdat sy die verweerder adviseer het. Sy kan ook nie 'n aanbeveling doen omdat sy nie die eiseres gesien het nie. Vir sover haar siening dat die kinders by die verweerder moet bly, gebaseer is op die faktore in die vorige paragraaf gemeld, is dit na my mening nie gegrond nie. Sy het verdere kritiek teen die eiseres uitgespreek op grond daarvan dat sy die kinders sou beïnvloed het en verwagtinge by hulle sou gewek het wat nie verwesenlik mag word nie. Dit mag wees dat die eiseres die kinders bewus of onbewus beïnvloed het om by haar te bly, maar wat ek nie vind, is blyke dat sy hulle negatief beïnvloed het ten aansien van hulle vader en hulle reg om toegang tot hom te hê nie. Die kritiek oor die wek van verwagtinge kan ek nie onderskryf nie. Dit was geen geheim dat die eiseres in 'n stryd om die toesig en beheer van die kinders gewikkel was nie. In so 'n situasie sou dit natuurlik wees vir haar om die kinders deel te maak van haar planne in verband met behuising en skoolgaan. As sy die kinders daaroor in die duister gehou het, sou sy weer blootgestaan het aan kritiek dat sy hulle in onsekerheid hou.

Die Gesinsadvokaat het in my mening 'n volledige ondersoek gedoen en ek het geen rede om haar bevindinge in twyfel te trek nie. Dit is gebaseer op die ondersoek van twee kundiges. Die enigste werklike kritiek was gerig op mnr Swanepoel se assersering van die verweerder se persoonlikheid. Hy het verduidelik dat sy beoordeling gebaseer is op 'n hele battery van toetse en dat die interpretasie van die Rohrschach toets nie daaraan afbreuk doen nie. Daar is na my mening geen rede om nie die aanbeveling van die Gesinsadvokaat te aanvaar nie.

Dit gaan om drie jong kinders. Daar is geen twyfel dat hulle, wat toesig en beheer betref, by mekaar moet bly nie.

Alhoewel dit drie seuns is, is die jongste vyf en die tweede oudste nege jaar oud. Selfs die oudste is nog nie twaalf jaar oud nie. Dit is na my mening verkieslik dat kinders van daardie ouderdomme, selfs al is hulle seuns, by hulle moeder moet bly solank sy in staat en bereid is om hulle te versorg. Dit is op al die getuienis duidelik dat hulle 'n hegte band met hulle moeder het en dat sy in hulle emosionele behoeftes kan voorsien.

Die feit dat die verweerder hulle fisies kan versorg en dat die kinders goed in Delmas gevestig is, is nie in geskil nie. Na my mening sal die eiseres egter beter in staat wees om in die emosionele behoefes van die kindres te voorsien.

Die sterkste argumente ten gunste van die verweerder hang saam met die handhawing van die status quo.

Na my mening moet daar nie te veel van die status quo gemaak word nie. Die kinders woon al 'n geruime tyd in dieselfde huis. Die van hulle wat op skool is, was nog net in een skool. Verhuisings en verandering van skole IS me ongewone verskynsels me, ook buite die verband van 'n egskeiding. Uit hoofde van naweek besoeke is die kinders alreeds voorberei op 'n alternatiewe leefwêreld.

Dit moet onthou word dat die eiseres as't ware gedwing is om die gemeenskaplike woning te verlaat, onder omstandighede waar sy nie die kinders kon versorg nie. Die huis was in die naam van die verweerder geregistreer. Hy het vaste werk in die omgewing gehad. Sy moes Delmas verlaat en elders 'n loopbaan opbou. In wese was die ekonomiese posisies van die twee ouers ongelyk. Dit kom onbevredigend en onregverdig voor dat die lot van die kinders deur sulke omstandighede bepaal moet word.

Daar is gesê dat die eiseres omstandighede nie gestabiliseer het nie. Om te se, soos me Leistner gesuggereer het, dat daar gewag moet word om te kyk of sy haar situasie kan handhaaf, is sinies. Hoe langer daar gewag word hoe meer sal daar op die status quo gehamer word.

Die eiseres het In nuwe loopbaan. Sy het 'n inkomste. Sy het toereikende behuising. Sy word ondersteun deur mnr Kotze. Sy werk van die huis, sodat sy die kinders na skool kan versorg. Alleen as mens puntenerig of foutvinderig is, sal mens haar huidige situasie bevraagteken.

Dit mag wees dat sy met mnr Kotze gaan trou. Daar is geen rede op die getuienis om te se dat hy "n onaanvaarbare element in die lewe van die kinders sal wees nie. Hy is ook betrek in die ondersoek van die Gesinsadvokaat en niks negatief oor hom het aan die lig gekom nie.

Daar moet onthou word dat dit nie gaan om "n situasie waar die toekenning van die kinders aan die eiseres in vervreemding tussen die kinders en hulle vader te weeg sal bring nie. Ruim toegang word in die vooruitsig gestel en vanweë die geografiese nabyheid van die partye is daar alle rede om te vermoed dat dit optimaal benut sal word. Dit is trouens een van die positiewe kenmerke van hierdie saak dat daar geen ouervervreemding ingetree het nie en dat die kinders gesonde bande met albei ouers het.

Daar is heelwat gesê oor die wense van die kinders en oor of hulle voorgesê of beïnvloed is om te se dat hulle by die eiseres wil bly. Die feit dat die kinders beïnvloed mag gewees het behoort nie as 'n rede te dien om die eiseres, as't ware by wyse van ‘n straf, die kinders te ontsê as hulle andersins by haar behoort te bly nie. In elk geval is die kinders nie so oud dat hulle wense, positief gesien, enige deurslaggewende invloed op die hof behoort te hê nie. Dit is duidelik dat hulle verhouding tot hulle moeder positief is, en dat daar geen negatiewe houding by hulle teenoor haar is wat dit ongewens of riskant sou maak om hulle by hulle moeder te laat bly nie.

Dit is nie 'n saak waar dit sleg met die kinders sal gaan as hulle by die verweerder bly nie. Ek is egter van oordeel dat dit beter vir

hulle sal wees, gesien hulle ouderdom en hulle emosionele behoeftes, dat hulle aan die sorg van hulle moeder toevertrou moet word. Dit sal ontwrigting meebring, maar nie ontwrigting waarop die kinders nie voorberei is nie.

Ek stem saam met die Gesinsadvokaat dat die moontlike ontwrigting nie swaarder as die belange van die kinder moet weeg me.

Ek sal gevolglik 'n bevel maak ooreenkomstig 'n konsep waarop die partye ooreengekom .het vir geval ek besluit dat die toesig en beheer oor die kinders aan die eiseres toegeken moet word.

Aangesien die enigste werklike dispuut die kwessie van toesig en beheer oor die kinders was, neem ek dat elke party sy of haar eie koste moet betaal. Ek wil dit nie sien as 'n geval waar een party 'n oorwinning behaal het nie. Die geskil het gegaan oor die beste belange van die kinders en nie oor die aansprake van die partye nie. Waar die toesig en beheer op In tussentydse basis aan die verweerder toegeken was, was dit nie so maklik vir die verweerder om tot ander insigte te kom nie. Hy was ook geregtig om sy insigte en bedenkinge voor die hof te plaas. Onder die omstandighede sal ek gelas dat elke party sy of haar eie koste betaal.

Die volgende bevel word gemaak:

1. Die konsepbevel gemerk "X" word 'n hofbevel gemaak.

2. Elke party moet sy of haar eie koste betaal.

C BOTHA

REGTER VAN HOOGGEREGSHOF

"X"

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSV AALSE PROVINSIALE AFDELING)

Saakno. 25944/03

In die saak tussen:

MARIA MAGDALENA COETZEE — Eiseres

en

DAVID CORNELIUS COETZEE — Verweerder

---

KONSEPBEVEL

Die Hof gelas as volg:

1. 'n Egskeidingsbevel word toegestaan;
2. Beheer en toesig oor die drie minderjarige kinders gebore uit die huwelik tussen die partye word aan die Eiseres toegeken, onderhewig aan die Verweerder se reg van redelike toe gang;
3. Die Verweerder se reg van redelike toegang sal insluit die reg om die minderjarige kinders altematiewe naweke te verwyder, asook een kort skoolvakansie per jaar en die helfte van elke lang skoolvakansie, met kersfees om te roteer tussen die partye;
4. Die Eiseres sal die kinders die eerste helfte van die eerskomende skoolvakansie by haar neem;

5. Die Verweerder sa! as volg onderhoud aan die Eiseres betaal ten aansien van die minderjarige kinders:

5.1 R500,OO per maand per kind, betaalbaar voor/op die 3de dag van elke maand; asook

5.2 Die kinders se redelike skoolgelde en kleuterskoolgelde; asook

5.3 Die kinders se redelike mediese uitgawes.

5.4 Beide partye kan die onderhoudshof nader vir 'n verhoging/verlaging van voormelde onderhoud sonder om veranderde omstandighede aan te toon.

6. Daar word verklaar dat die Verweerder se boedel 'n groter aanwas getoon het as die boedel van die Eiseres en dat die Verweerder die helfte van die verskil in aanwas tussen die onderskeie boedels aan die Eiseres moet oorbetaal;

7. Dat Allan Jordaan by ooreenkoms tussen die partye as likwidateur aangestel word om die aanwas te bereken en aan die Eiseres oor te betaal, en sal hy die magte en bevoegdhede hê soos uiteengesit in Aanhangsel "A" hiertoe;

8. Koste -

Op las

Griffier

**Die likwidateur sal die volgende ma2te en bevoegdhede hê:**

1. Die reg om alle ondersoeke noodsaaklik te doen en in die besonder, besonderhede te verkry van die partye met betrekking tot alle bates waaruit hul onderskeie boedels bestaan;
2. Die reg om inligting te bekom van enige finansiële instelling soos bankbestuurders of bestuurders van ander finansiële instellings waar gelde belê mag wees;
3. Die reg om inligting te bekom van ouditeure van privaat maatskappye en/of beslote korporasies en/of besighede waarby enige van die partye 'n belang _het, asook persoonlike rekenkundige beamptes met betrekking tot persoonlike sake en belastingaangeleenthede van enige persoon wat kennis mag hê daarvan;
4. Die reg om aansoek te doen vir enige balansstate met betrekking tot besighede, beslote korporasies of maatskappye waarin die partye belange het;
5. Die reg om boeke te inspekteur van enige maatskappy, beslote korporasie Of besigheid waar enige van die partye 'n belang mag hê, asook die reg om die persoonlike bankrekenings, betaalde tjeks, depositoboeke en persoonlike rekeninge van sake en laste te trek wat belang het by belasting of enige ander doel;
6. Die reg om 'n fisiese inspeksie van bates te doen en inventaris daarvan te neem;
7. Die reg om vrae aan persone te vra, sowel as verklarings te bekom wat noodsaaklik mag wees vir die doeleindes om 'n bepaling van die aanwas te maak;

8. Sonder beperking van die voorafgaande, die reg om, in terme van die Insovensiewet, Wet 24 van 1936, vergaderings te belê en ondersoeke te doen na die bate en laste posisie van die partye;

9. Die likwidateur is by magte om aantekeninge te maak teen enige pensioenbare belange van die partye in terme van artikel 8 van die egskeidingswet, nr 70 van 1979, en dieselfde sal van toepassing wees op die versekeringspolisse van die partye;

10. Die likwidateur sal, nadat daar 'n waardepaling van die partye se bates en laste gemaak is, 'n uiteensetting verskaf van die netto waardes van die p~y~ se boedels;

11. Die likwidateur sal 'n uiteensetting verskaf van die verskil in aanwas tussen die partye se boedels, en die verskil in aanwas aan die Eiseres oorbetaal;

12. Die likwidateur sal nie verplig word om sekuriteit vir sy administrasie te verskaf nie;

13. die likwidateur sal onthef word van sy pligte as volg:

a) na afrekening van sy staat sal die likwidateur 'n afskrif van die vermelde rekening stuur aan die Eiseres asook na die Verweerder;

b) Die likwidateur sal sy rekening per geregistreerde pos stuur na die adresse wat die partye aan hom sal verskaf;

c) Beide die Eiseres en die Verweerder sal die reg hê om beswaar te opper teen die vermelde rekening binne 14 (VEER TIEN) dae nadat die rekening versend is. Indien die likwidateur nie binne 14 dae enige beswaar ontvang van die Eiseres of die Verweerder nie, sal vermelde rekening beskou word as aanskiklik vir beide die Eiseres en die

Verweerder en sal die likwidateur voortgaan om die oorbetaling van die aanwas te finaliseer in ooreenstemming van die vermelde rekening.